Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Ian de Vega**
Hoofdirektoraat: Besigheidsintelligensiebestuur
Ian.deVega@westerncape.gov.za | 021 467 9323

Lêerno.: 8/7/1/1/2/WCED/Broadband 2.0
Verwysing: 20250805-5677

Omsendbrief: 0024/2025
Vervaldatum: 28 Februarie 2026

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Kort opsomming: *Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is tans besig om die internet-infrastruktuur by geselekteerde skole deur middel van die Breëband 2.0-projek op te gradeer, wat toegang vir diensverskaffers noodsaak.*

**Onderwerp: Ontplooiing van Breëband 2.0-projek: Toegang vir die vervanging en installering van toerusting**

1. Die Wes-Kaapse Regering, deur die Direktoraat: Gekonnekteerde Regeringsgeboue en Skole (*Connected Government Buildings and Schools*), is tans besig om die Breëband 2.0-projek by geselekteerde skole en fasiliteite oor die hele provinsie te ontplooi. Hierdie inisiatief vorm deel van die WKOD se deurlopende pogings om konnektiwiteit te verbeter en digitale toegang vir onderrig, leer en administrasie te bevorder.

2. As deel van hierdie ontplooiing, word skole vriendelik versoek om hul samewerking te gee deur aan Liquid Intelligent Technologies en/of hul aangestelde diensverskaffers toegang te verleen om die volgende te doen:
   (a) Verseker die integriteit van die breëbandkabinet
   (b) Verwyder verouderde toerusting
   (c) Installeer nuwe toerusting (versender (*router*)/skakelaar, kragmoniteringstoestel, bekabeling)
   (d) Installeer nuwe openbare Wi-Fi-toerusting, waar van toepassing.

3. Daar word van alle diensverskaffers verwag om in besit te wees van geldige identifikasie. Diensverskaffers moet ook maklik herkenbaar wees wanneer hulle skoolterreine besoek. Vir verifikasiedoeleindes word diensverskaffers versoek om die volgende te doen:
   (a) Identifiseer hulself met hul aankoms en vertrek
   (b) Verklaar duidelik wat die doel van hul besoek is
   (c) Teken die skool se besoekersregister en verskaf hul kontakbesonderhede.

4. Ten tyde van die verwydering en vervanging van toerusting, sal 'n kontrolelys vir voltooiing en aftekening uitgereik word.

5. Diensverskaffers moet verifieer dat al die betrokke dienste in bedryf is voordat hulle die skoolperseel verlaat.

6. Skoolbesoeke sal vooraf geskeduleer en met die betrokke Tegnologie- en Fasiliteitsbestuurders gekoördineer word om ontwrigting van onderrig en skoolbedrywighede tot die minimum te beperk.

7. Kontak asseblief die IT-lessenaar vir Skole via die volgende kanale vir verwante navrae of indien enige probleme ervaar word:
   Tel. no.: 021 834 4690
   WhatsApp: 021 900 7123
   E-pos: SchoolsIT.Servicedesk@westerncape.gov.za

8. Dankie vir u volgehoue samewerking en ondersteuning.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-08-29